GEREFORMEERDE KERK WONDERBOOMPOORT

Kantoorure: Maandag, Donderdag, Vrydag
07:30 tot 13:30

Kerkkantoor – 012 565 6220
Faksnommer – 086 509 3824
kantoor@gkwonderboompoort.org
www.gkwonderboompoort.org

KONTAK Jaargang 23 8 September 2019

OGGENDDIENS (09:00)

Lees: Markus 11:1-11

Sing: .
Ps. 45:1,2,3,6,14,16
Ps. 51:1,2,4
Ps. 122:1,2
Ps. 118:12,13
Ps. 24:4,5

Tema: Hosanna in die hoogste hemele

Die Here Jesus kom aan die buitewyke van Jerusalem. Die spanning loop nou baie hoog. Dis Sondag, die dag na die Sabbat. Vyf dae later sou Hy gekruisig word.

Hy, die Koning van die hemel en aarde, laat haal vir Hom 'n donkie op wie niemand nog gery het nie. Die Koning ry in op 'n donkie – nederig en sagmoedig.

Hierdie Koning wat hier inry – Hy is die Koning van die hemel en aarde. Hosanna in die hoogste hemele!

Liturg:
Ds Pieter le Roux

Orrelis:
Lydia Zeevaart

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

AANDDIENS (18:00)

Lees: Markus 9:42-50
Belydenis: HK Sondag 16

Sing:
Ps. 9:1,5,9,11,12,13
Ps. 116:2-3
Ps. 22:3,6
Ps. 18:1,2,3,20

Tema: Christus verlos ons van die hel

In vanaand se preek behandel ons die betekenis van die volgende sinsnede in die 12 Artikels: *Wat gesterf het, begrawe is en neergedaal het na die hel.* Ons gaan die preek dan in die volgende drie punte behandel:

1. Christus se sterwe
2. Christus se begrafnis
3. Christus se hellevaart

Liturg:
Ds. Pieter le Roux

Orrelis:
Lydia Zeevaart

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

KOLLEKTES BY DIE DEURE

Vandag: **GKSA Sustentasie**	Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.
Volgende Sondag: **Bybelverspreiding**	Doel: Om die Bybelgenootskap van SA by te staan met die druk en verspreiding van Bybels.

DANKOFFERS

ABSA Bank 632005	Kerkkas	Susters	Sending	Koningskinders	FNB 251045	Diakonie
	060 3400 64	060 3400 72	060 1883 00	9 276 253 131		625 8354 5862

- **Kontantbydraes** – Koeverte is by die deure beskikbaar. U kan dit in die dankofferkassie by die uitgangdeur by die preekstoel of in die kollektesakkie plaas.
- **EFT betalings** – Kontak asseblief die kerkkantoor om 'n unieke verwysingsnommer te bekom wanneer u elektronies oorplaas.
- **Debietorders** – U kan 'n debietordervorm by die kantoorkiosk in die kerksaal afhaal, invul en in die kassie by die kiosk pos.

STORTINGSDAG:
LAASTE SONDAG VIR AFDRA VAN KOEVERTE
29 SEPTEMBER

Verjaarsdae

8 Sep Sr. Charlotte van der Walt
9 Sep Sr. Vickey Venter (82)
10 Sep Sr. Marie Delport
11 Sep Br. Fanie Visser
13 Sep Br. Leon Wolmarans
13 Sep Sr. Ria Marais
14 Sep Jonge Br. Connie Jacobs
14 Sep Sr. Liesbet Kruger

Lief en leed

- Ons dink in ons gebede in die besonder aan Br. Henk-Jan Visser na die afsterwe van sr. Eelkje Visser in die Intensiewe Eenheid van Eugene Marais Maandagoggend vroeg. Mag die Heilige Gees jou in die besonder troos deur die Woord. Die begrafnis vind DV Maandagoggend 9 September plaas: 10h00 by Zandfontein en 11h00 in ons kerkgebou.
- Sr. Hannetjie Vermaak is steeds in Eugene Marais. Ons verneem van beterskap. Ons is dankbaar saam met tannie!
- Br. Hanno Bennemeer is opgeneem in Akasia Hospitaal met longe-ontsteking. Baie sterkte Hanno!

Koningskinders fondsinsameling Die Koningskinders bestuur en groepleiers en verlede naweek 'n Kunstefees ten bate van Koningskinders aangebied hier op ons kerkterrein. Baie dankie vir al die gemeentelede wat die geleentheid ondersteun het. Baie geluk ook aan die bestuur en groepleiers met 'n pragtige geleentheid!

Bevestiging van ampsdraers Verlede Sondagaand is die volgende broeders bevestig in die amp. As ouderlinge: brs. Jaap du Plooij en Johan Nöthling. As diaken br. Flip van der Merwe. Ons bede is dat hierdie broeders waardige voorgangers vir ons gemeente sal wees en dat die Here sal versterk in hulle dienswerk!

SUSTERSAKE

Vandag	Lelies
Bestuurslid:	Martie Leslie
Wyksuster wyk 6:	Ronelle Kok
Wyksuster wyk 11:	Nelia Drenth
Estie Matthee, Helene Seegers. Eugene de Beer, Darell Wood, Liezl du Preez, Nelia Drenth, Vickey Venter, Helena Greeff, Estie Lubbinge, Anne-Marie Malherbe, Dina Crous, Magda Visser, Leonie Lubbinge, Engela Lubbinge.	

Skinkbeurt	Madeliefies
Bestuurslid:	Tina van Deventer
Wyksuster wyk 2/3	Ina van Tonder
Wyksuster wyk 17	Marie Delport
Carien Erasmus, Mart Buys, Elani Buys, Marna Buys, Carli Buys, Ellie Buys, Marie Delport, Louise Roos, Elize Pienaar, Marie Swanepoel, Anne-Marie du Plooy, Magriet Veiga, Louise Engelbrecht, Marie van Rooyen, Ihanda van de Wetering, Elize le Roux.	

Sepies U is welkom om nog bydraes van LUX 100gr sepies vir die komende Sustersaamtrek te maak. U kan u bydrae in die kombuis laat.

Duetfees Onthou asseblief om u kaartjies vir 19 Oktober se Duetfees te bespreek. Dit is deel van ons susters se fondsinsameling om van Saamtrek 2020 'n heerlike kuiergeleentheid te maak.

Jeug Staptoer 25 – 27 September

Waar: **Magoebaskloof**
Wanneer: **25-27 September 2019**
Wie: Gr 7 – 12
Koste: R 250 per persoon
Vertrektyd: **Woensdag 05:00am vanaf die Geref Kerk Wonderboompoort.**
Kontak Pieter Bos - 083 655 2939 vir meer inligting

Visitasie Kennis is van die klassis Visitatore ontvang dat hulle graag die kerkraad DV 3 Oktober om 19:00 wil ontmoet. Lidmate wat die broeders oor die een of ander aangeleentheid wil ontmoet kan met die skriba of sy/haar ouderling in die verband skakel.

Psalm 31 - "In U hande gee ek my gees oor"

Vader, in U hande gee ek my gees oor! (Luk. 23:46) Dit was Jesus se laaste woorde voor Sy dood. Dit was Sy laaste kruiswoord. En toe Hy dit gesê het, so lees ons in die Evangelie volgens Lukas, het Hy die laaste asem uitgeblaas. Toe het die geskiedenis van die ganse mensdom gaan stol!

Jesus se laaste woorde aan die kruis kom uit Ps 31:6. Dawid se kreet in sy uiterste nood, het ook Jesus se laaste woord van uitkoms geword. Maar waar Dawid se lyding nog beperk was tot die een mens van vlees en bloed, 'n sondaar, daar is Jesus se lyding grenseloos, onmeetbaar in sy diepte.

By Dawid was sy lyding 'n profesie van die toekomstige middelaar se lyding; by Jesus word die profesie vervul. Dawid vind berusting in sy lyding as hy sy persoonlike lewe (gees) aan die HERE oorgee; by Jesus kom die rus na die lyding nie slegs vir Hom persoonlik nie, maar vir al God se kinders in die hele geskiedenis.

As navolgers van Christus wat elke dag ons kruis moet opneem en hom moet volg (Mat 16:24) is Jesus se woorde ons troos by ons sterwe. Maar dis nie al nie: Dawid se lyding was 'n straf op sy sonde (Ps. 31:11): Jesus het geen sonde gehad nie. Hy sterf ter wille van ons sondes. Hy ly in ons plek. Hy ontvang God se volle toorn en straf vir al ons sondes.

Dawid kon juig: "U het my nie oorgelewer in die hand van die vyand nie (vers 9), maar, "in U hande gee ek my gees oor" (vers 6).

Ons weet: Ons sal vyande hê. Lyding is die deel van ons lewe. Maar deur Jesus Christus sal geen vyand ooit oor ons finaal seëvier nie. Inteendeel,die beloftes van Psalm 31 is baie groot:

"O hoe groot is U goedheid wat U weggelê het vir die wat U vrees, wat U uitgewerk het vir die wat by U skuil..."

U het my nimmer oorgegee
aan vyande wat wreed
getrag het na my leed.
Deur U, bevryder van my lewe,
kan ek met vrye skrede
nou wandel in U vrede.(Psalm 31: 6 berymd Totius)

Aanhaling kom uit V.E. d' Assonville sr. Die Psalms sing van Christus.

OP DIE KERKWERF

Uitnodiging Jong Werkendes – GK Akasia wil graag 'n kuiergroep onder jong Christene begin en nooi alle ongetroude werkende jongmense (26jr en ouer) uit na die Pretloop by die dieretuin – Saterdag 21 September. Hekke open 06:00 en die pretloop begin 06:30. Koste is R50 per persoon. Skakel 076 065 6347 as jy meer wil weet.

Fondsinsameling GK Akasia. Optrede deur Gerhardt Geldenhuys Vrydag 20 September. Meer inligting is op die kennisgewingbord in die vierkant beskikbaar.

D●PPERD●TTE

NUWE INTREKKERS	**WORD VERSOEK OM NA DIE EREDIENS BY DIE KANSEL AAN TE MELD. EEN VAN DIE DIAKENS SAL U DAAR ONTMOET.**
TOEGANG TOT TERREIN TYDENS EREDIENS	**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT, INDIEN U DIE TERREIN TYDENS DIE EREDIENS MOET VERLAAT OF LAAT IS, DIE OOPSKUIFHEK AAN DIE SAAL SE KANT OOPGESLUIT IS.**
GEMEENTE WEBTUISTE	**JY KAN PREKE, ARTIKELS, INLIGTING OOR DIE SUSTERS, ENS. OP DIE WEBTUISTE AFLAAI. GAAN BESOEK DIT GERUS BY http://gkwonderboompoort.org/**
MOEDERSKAMER EN OUERS MET KLEUTERS	**DAAR IS TWEE MOEDERSKAMERS OM TE GEBRUIK: EEN IN DIE VOORPORTAAL EN EEN AGTER DIE KONSISTORIE (WAT DEUR BORSVOEDENDE MOEDERS GEBRUIK WORD). DIE AGTERSTE DRIE RYE BANKE IN DIE KERKGEBOU WORD GERESERVEER VIR OUERS MET KLEUTERS.**
NUUSBRIEF	**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE AFSNYTYD VIR INDIEN VAN BERIGTE DONDERDAGMIDDAG 13:00 IS.**
BROODJIESAAND	**DIE GEMEENTE BRING ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND BROODJIES OM NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS SAAM 'N KOPPIE KOFFIE OF TEE TE GENIET.**

DAGBOEK

Sondag **8 September**	08:55 – Samesang vooraf. Katkisasiepsalm: Ps. 45:1. 09:00 – Oggenddiens. Katkisasie Les 22. 17:55 – Samesang vooraf. 18:00 – Aanddiens.
Maandag **9 September**	19:00 (LW Bybelstudie by die pastorie!) Hebr. 8:1-13 word behandel. Alle gemeentelede word hartlik uitgenooi!
Dinsdag **11 September**	14:45 – Belydeniskatkisasie. Gr 10 – 12.
Woensdag **12 September**	08:15 – Sustersbybelstudie in die kerksaal. Kom gerus ons behandel Jesaja 54:9-17! 09:30 – Bybelstudie te Hermon.
Vrydag **13 September**	17:30 – Koningskinders.

Katkisasie Gr 1-6 Voorbereiding volgende week

Datum	Lesnr	Psalm en memorisering	Inhoud
2019-09-15	23	Ps. 122:1; Lukas 15:16	Vertrek na Jerusalem